

16

ONS GESIN

*Die gesin is 'n geskenk van God
waar mense glo en leef*

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders moet weet dat ware geluk iets anders beteken as om bloot te kan kies en te kan doen wat jy wil.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- God ons ouers betrek by die skep en versorging van ons lewens.
- die gesin die ruimte is waarbinne ons leef, veilig voel en versorg word.
- daar reëls en verantwoordelikhede is.
- gesag 'n belangrike rol binne die gesin speel.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om hulle gesin te ondersteun.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- hulle eie rolle in die gesin voluit uit te leef tot eer van God; en
- hulle aan gesag te onderwerp.

MEER INLIGTING (Lukas 15: 11-31; Spreuke 2: 1-22)

Elkeen van ons leef in 'n huisgesin. In ons huise is daar reëls en verantwoordelikhede. Ons ouers dra die gesag in ons huise. Ons respekteer hulle gesag. Ons weet dat God van ons ouers verwag om ons na die beste van hulle vermoë groot te maak.

Ons dink baie keer dat reëls die lewe vir ons sleg wil maak. Ons dink ons ouers sê soms *nee* omdat hulle wil keer dat ons die lewe geniet. Ons wil dikwels ons eie reëls maak. Ons wil ons eie lewe leef en geniet. In Lukas 15: 11-31 vertel Jesus die gelykenis van 'n jongmens wat so gevoel het. Hy het al sy erfgoed van sy pa gevra. Die jongman het, nadat hy by sy pa weg is, losbandig, dit wil sê sonder reëls, gaan lewe. Hy het weggegaan en die reëls van sy vader se huis nie gaan uitleef nie. Sy vryheid het nie lank gehou nie.

Die seun se geld het gou opgebraak. Daar het 'n groot hongersnood in die land gekom. Hy het selfs nie meer iets gehad om te eet nie. Hy het later op iemand se plaas gaan werk en het gewens hy kon van die varkkos eet. Sy lewe sonder reëls het hom by 'n doodloopstraat gebring. Hy kon nie vir homself sorg nie. Hy het verlang na 'n tyd toe hy elke aand warm geslaap het en kos gehad het om te eet. Hy het gedink aan die tyd by sy pa toe hy geen beperkings gehad het nie. Hy het na sy pa se huis verlang. Hy het besef dat gesag en reëls nie sy lewe beperk nie. Hy het dit nooit tevore besef of waardeer nie.

God het gesag en reëls ingestel sodat daar vir almal 'n ordelike lewe kan wees. Sonder reëls is die gevaar baie groot om seer te kry en selfs jou lewe te verloor. Ons eie gesinne herinner ons aan die groot huisgesin waar God ons Vader is.

Kom ons wees dankbaar vir gesag en reëls en verantwoordelikhede. Ons moet die sorg en liefde van ons hemelse Vader waardeer.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 'n Ruimte waar die gesinne van die kinders in die klas gemaklik bymekaar kan sit.

KOM ONS BEGIN

- Begin met Gesang 532: 1 en 2 as gebed.


*Ons Vader, neem ons hande en maak ons één.
Versterk U self die bande – gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.*

*Heer, wees vir ons 'n Vader wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan, laat Hy ons lei,
dat ons u Woord gehoorsaam – ons aan U wy.*

- Heet al die ouers welkom by die derde gesinsles.

HET HULLE ONTHOU?

- Vra enkele kinders om die memoriseerteks van verlede week op te sê.
- Bespreek die aktiwiteit wat die kinders gedurende die week moes voltooi, en lei 'n bespreking in die grootgroepgesinne aan die hand van die meegaande riglyne.



Egskeiding

Die hartseer van 'n egskeiding veroorsaak 'n hele klomp emosies en moeilike omstandighede en aanpassings. Vriende en medegelowiges is soms baie onkundig oor die geskeide se behoeftes en nood. Iemand wat reeds geskei is, weet presies hoe dit voel en wat iemand in daardie situasie nodig het. So 'n persoon kan uit ondervinding iemand anders wat dieselfde pad loop, effektief bystaan en ondersteun en selfs motiveer en bemoedig. So word 'n groot seer 'n gawe.

Verlies van 'n ledemaat

Om 'n ledemaat te verloor, kan jou hele wêreld omkeer. Die aanpassing om sonder 'n arm of been of sintuig verder te leef, is vir ons ondenkbaar groot. So 'n verlies forseer mense dikwels om van voor af te begin met baie dinge. Dokters en hospitale en selfs tegnologie maak hierdie verlies soms oorkombaar, maar baie van hulle weet steeds nie hoe dit voel om sonder iets te leef wat jy altyd by jou gehad het nie. Iemand wat self 'n verlies aan 'n ledemaat gely het en deur die meeste van hierdie aanpassings begin leef het, is die beste ondersteuning, hulp en motivering vir die persoon wat pas met die pad begin het. So kan 'n groot verlies by een persoon vir iemand anders die grootste wins word.

Iemand wat nie voor mense kan praat nie

Hierdie geval verskil van die ander omdat dit 'n baie algemene kraak by mense is. Die vraag is óf dit regtig 'n kraak is. Almal van ons het mos gawes wat van mekaar verskil, en daar is baie maniere om 'n boodskap oor te dra, sonder dat jy dit voor mense moet waag. Neem as voorbeeld komponiste wat miljoene mense met musiek vermaak, of mense wat goed uitgevind het soos selfone of rekenaars en die moontlikhede wat dit bied om 'n boodskap op die regte plek uit te kry.

Kanker

Soos baie ander siektes, het kanker 'n ingrypende effek op die lyster en die mense wat deel uitmaak van daardie persoon se wêreld. Daar is baie soorte kanker, en gelukkig ook byna net soveel vorms en moontlikhede van behandeling. Weer soos met iemand wat verlies van

'n ledemaat gelyk het, weet iemand wat reeds die pad met kanker stap of gestap het presies wat die bekommernisse en behoeftes is wat 'n kankerlyer deurgaang. So word die kennis en verhaal van 'n geneesde of 'n behandelde lyer die hoop, motivering en bystand vir die persoon wat pas of kort gelede van hulle kanker bewus geword het.

Iemand wat 'n drankprobleem gehad het

Chemiese afhanklikheid is baie algemeen in enige gemeenskap. Soos met ander verslawings, is daar gelukkig hulp vir mense wat in die slagyster van afhanklikheid getrap het. Die moeilikste deel van hierdie pad is dikwels om te erken dat daar 'n probleem is en om te begin om gesond te word. Soos met die ander temas hierbo, is iemand wat reeds die moeilike pad van rehabilitasie gestap het die heel beste motivering en ondersteuning vir iemand anders wat nog nie wil erken dat daar 'n probleem is nie, of wat opsien teen die eerste moeilike treë na gesond word. Dit is waarom die AA (Alkoholiste Anoniem) en ander ondersteuningsgroepe bestaan. 'n Gerehabiliteerde afhanklike is die beste oplossing, hulpbron en wysheid. Hy of sy gebruik 'n eie lewensverhaal om ander te help. So het 'n groot seer 'n gawe geword.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Verduidelik die doel van die byeenkoms, en nooi elkeen uit om spontaan aan die bespreking deel te neem.

IETS INTERESSANT

- Laat die gesinne in gesinsverband die inhoud by **IETS BELANGRIK** in hulle boeke deurlees en die volgende vrae uit die gelykenis beantwoord:



- Lei 'n gesprek in die groot groep waar die gesinne spontaan hulle antwoorde op die bostaande vrae kan deel. Gebruik die volgende as riglyne:

Hoekom wou hierdie seun nie meer in sy ouerhuis woon nie?

Hy het die reëls en gesag wat daar was, beleef as beperkend en negatief. Hy het gedink dat die verantwoordelikhede en gesag sy lewensvreugde wegneem. Hy wou weggom van moeties en verantwoordelikhede.

Hoe het die ideale lewe gelyk waarom hy gedroom het?

Dit was dalk goeie ideale, maar toe hy weg van die huis af nie meer sy pa se reëls toegepas het nie, het hy in die moeilikheid beland. Hy het gedink dat die lewe wonderlik sal wees as hy kan doen wat hy wil, wanneer hy wil en hoe hy wil. Hy het geen reëls gehoorsaam nie.

Die seun was vry om sy eie lewe te leef soos hy wou, maar tot wanneer het hierdie vryheid gehou?

Sy vryheid het so lank soos sy erfgeld gehou. Boonop tref 'n hongersnood die land en hy word 'n afhanklike. Hy word so arm en honger en alleen omdat die enigste werk wat hy kon doen, was om iemand se varke op te pas. Hy het besef hy is glad nie vry nie, Inteendeel, sy lewe is nou in die hande van hongersnood en afhanklikheid.

Waarna het hierdie seun die meeste verlang toe hy honger, bankrot en alleen was?

Na sy pa se huis waar hy verantwoordelikhede gehad het en sy pa en God se gesag moes aanvaar, maar waar hy elke dag liefde en versorging gekry het, waar hy nooit honger of alleen was nie. Hy het geweet dat selfs die plaaswerkers goed versorg is.

Wat het hierdie seun geleer oor die waarde van gesag en reëls?

Hy het geleer dat gesag deur God ingestel is om die lewe vir almal moontlik te maak. Reëls maak lewe moontlik en beperk nie lewensvreugde nie. Sonder gesag kan daar nie vryheid wees nie, sonder reëls loop dinge skeef. Die seun het geleer dat die gesag en reëls in sy pa se huis die manier is waarop God verseker het dat hy altyd versorg sal wees en dat hy vry sal wees van honger, bankrotskap en afhanklikheid.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Gesag is deur God ingestel om die lewe vir almal moontlik te maak.
- Reëls maak lewe moontlik en beperk nie lewensvreugde nie.
- Sonder reëls loop dinge skeef.
- 'n Gesagsfiguur (pa, ma, onderwyser, regering) moet dus reëls of wette maak om orde en geluk te verseker.
- Die seun het geleer dat die gesag en reëls in sy pa se huis die manier is waarop God verseker het dat hy altyd versorg sal wees en dat hy vry sal wees van honger, bankrotskap en afhanklikheid.

IETS OM TE DOEN

- Die gesinne gaan nou deelneem aan 'n spoed-woordsoektog uit Spreuke 2: 1-22.
- Hierdie oefening is ook in die kind se boek gedruk waar die gesin die antwoorde kan invul.
- Laat almal gelyk begin (daar mag slegs een Bybel per gesin wees), en kyk wie het eerste al die woorde korrek ingevul.

SPOEDSOEK – Soek die vermiste woord...

1. Hou jou ore oop. (vers 2)
2. Die Here wat die wysheid gee. (vers 6)
3. Beskerm dié wat onberispelik lewe. (vers 7)

4. Regverdig en *reg* en billik is. (vers 9)
5. *Oordeelkundigheid* sal oor jou wag hou. (vers 11)
6. Wat verkeerde dinge *verkondig*. (vers 12)
7. Hulle *koers* is verkeerd. (vers 15)
8. Haar *spore* bring jou by die dooies uit. (vers 18)
9. Die opregtes sal die *land* bly bewoon. (vers 21)
10. *Bedrieërs* sal uitgeroei word. (vers 22)

BY DIE HUIS

DOEN

- Die gesinne gaan hierdie week die kennis oor gesag, reëls en verantwoordlikhede in hulle eie huise toepas deur die volgende opdrag uit te voer:
- Maak 'n tyd gedurende die week om as gesin saam te sit en dink oor die volgende:
 - Hoe kan ons gesin te werk gaan om 'n weeklikse gesinsvergadering te hou?
 - Wanneer sal die beste tyd wees vir so 'n byeenkoms?
 - Waar sal ons lekker kan gesels sonder enigiets wat ons aandag aftrek?
 - Waaroor gaan ons gesels by hierdie byeenkoms? (Hier is voorbeelde.)
 - Bybellees en gebed – maak beurte om vir elkeen 'n kans te gee.
 - Die program vir die week (of die maand of langer tydperk).
 - Reëls en praktiese reëlings vir almal in die huis.
 - Elkeen se verantwoordelikhede.
 - 'n Spreekbeurt vir elkeen om versoeke te rig of behoeftes te noem of ongelukkighede te deel.
 - Terugvoer oor verantwoordelikhede en aksies uit verlede keer se byeenkoms.
 - Laat iemand die hoofpunte waaroor julle praat op 'n papier of in 'n boek neerskryf, en skryf die datum sommer bo-aan.
- Toets hierdie byeenkoms vir ten minste 4 weke, en gesels met mekaar oor die waarde daarvan vir julle gesin. Kom deel sommer volgende week in die klas hoe die eerste een verloop het.

LEER

Die memoriseerteks vir hierdie week is Eksodus 20: 12: *Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.*

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die ouers 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.